Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

# GRAAD 6

# NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **2 uur**

**NAAM:** ____________________________________________

*6AFAL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

   AFDELING A: Lees en Kyk (25)
   AFDELING B: Taalstrukture en Konvensies (15)

2. Lees die tekste goed deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Moenie verkeerd van die vraestel afskryf nie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEES EN KYK

Lees deur die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord vrae 1–10.

### DIE MASAI GEBRUIK TEGNOLOGIE OM LEEUS TE HELP BESKERM

1. Buite ŉ hut op die grasvlakte van Afrika, tik ŉ Masai-kryger op sy skootrekenaar. Hy en sy vriende is spoorsnyers en kan sien hoe oud die spore is.

2. **MAANHAAR**

   Die Masai trek al eeue lank met hul beeste oor die grasvlaktes van Kenia en Tanzanië. Wanneer ŉ Masai ŉ oudste wou word, wat beteken hy was dan ŉ gesiene man in die gemeenskap, moes hy ŉ leeu doodmaak om te wys dat hy dapper is.

3. Leeujag is deesdae verbode In Kenia. Nie lank gelede nie, moes die Masai nog leeus doodmaak wat hul vee aangeval het.

4. Anthony-hulle werk saam met die vereniging *"**Living With Lions**"* en die **Masailand-bewaringstrust** (MTP) om vee te beskerm en die leeus veilig te hou.

5. **DIGITALE KRYGERS**

   Die leeuwagters gebruik moderne tegnologie om die katte dop te hou. Sommige leeus het radio-krae aan wat seine na satelliete toe uitstuur. "Die krae laat ons die leeus op die internet volg," sê Anthony. Die wagters gebruik selfone om veewagters te waarsku dat ŉ leeu naby is en dat hulle moet ligloop.

6. Wanneer ŉ leeu vee op ŉ plaas aanval, betaal die MTP se roofdiervergoedingsfonds die eienaar vir sy skade.

   ***Die National Geographic Society*** gee ook geld vir die fonds, wat sorg dat die Masai gewillig is om met wild saam te leef.

7. "Ons help die leeus in ons ekosisteem red", sê Tom Hill, wat die fonds help bestuur. Die Masai hou van die verandering. "Dis die wagters wat die leeus moes doodmaak, daarom luister mense na ons," sê Anthony.

[Aangepas uit: *National Geographic Kids,* Junie 2010]

**WOORDVERKLARING**

- spoorsnyer (par. 1) – spoor volg
- verbode (par. 3) – belet
- ekosisteem (par. 8) – verhouding van lewende organismes tot hul omgewing



**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Waar sit die Masai-kryger in die storie met sy skootrekenaar?

_______________________________________________ (1)

2. Skryf EEN woord uit die opskrif neer wat wys dat die Masai nie die gewone of tradisionele middele gebruik om leeus te beskerm nie.

_______________________________________________ (1)

3. Omkring die letter van die mees korrekte antwoord.
Die woord **"kryger"**, in paragraaf 1 beteken ...

A beskermer.
B spoorsnyer.
C vegter.
D veewagter. (1)

4. Beskryf in jou **eie woorde** wat moes gebeur as 'n Masai 'n oudste wou word.

_______________________________________________ (1)

5. Hoe waarsku die Masai mekaar as leeus in die nabyheid is?

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

6. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

6.1 Vee-eienaars moet self hul veeverliese dra.

_______________________________________________ (1)

6.2 Skryf 'n woord uit paragraaf 6 neer om jou antwoord in VRAAG 6.1 te bewys.

_______________________________________________ (1)

7. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat beteken die woord "gesiene" in die volgende sin?
"As 'n Masai 'n oudste word beteken dit hy was nou 'n **<u>gesiene</u>** man ..."

A Onbekende
B Belangrike
C Statige
D Volger (1)

8. Waarom, volgens paragraaf 7, hou die Masai van die nuwe verandering?

________________________________________

________________________________________ (2)

9. 9.1 Dink jy dis reg dat die leeus radio-krae aan het?

________________________________________ (1)

9.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.


________________________________________ (2)

10. Skryf EEN woord uit paragraaf 6 neer wat beteken dat die Masai nie omgee om met die leeus saam te leef nie.

________________________________________ (1)

**LEES EN KYK: VOORBLAD VAN 'N TYDSKRIF**

Bestudeer die voorblad en beantwoord vrae 11–14.




11. Watter tydskrif (volgens die voorblad), is die Jeugkultuur tydskrif van die jaar?

____________________________________________________ (1)

12. Skryf EEN woord neer wat bewys dat jy **verniet** na *Furry Vengeance* kan gaan kyk as hy 'n wenner is.

________________________________ (1)

13. 13.1 Watter artikel dink jy is die hoofartikel?

________________________________ (1)

13.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.


________________________________ (1)

14. Omkring die korrekte antwoord.
Die woord **verken** beteken om iets te ...

A toets.
B ondersoek.
C soek.
D bekyk. (1)

**LEES EN KYK**

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord vrae 15.1–15.4.




15. 15.1 In watter provinsie lees die meeste leerders tydskrifte?

________________________________ (1)

15.2 In watter TWEE provinsies lees dieselfde aantal leerders tydskrifte?

________________________________ (2)

15.3 Hoeveel leerders lees tydskrifte in die Limpopo provinsie?

________________________________________________________ (1)

15.4 In watter provinsie lees die tweede meeste leerders tydskrifte?

________________________________________________________ (1)

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

16. Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woorde:
byvoorbeeld, een mens – twee mense.

16.1 Die Masai-krygers sit buite die **hut.**

______________________________________________ (1)

16.2 Ons help die leeus in ons **ekosisteem** red.

______________________________________________ (1)

17. Verbind die TWEE sinne deur gebruik te maak van die woord tussen hakies.

Daar is skaars 20 000 leeus oor. Hulle word vinnig minder. (en)

______________________________________________

______________________________________________ (1)

18. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD deur die sin te begin met "gister."

18.1 ŉ Masai-kryger tik op sy skootrekenaar.

Gister ______________________________________

______________________________________________ (1)

18.2 Die Masai verskyn op TV.

Gister ______________________________________

______________________________________________ (1)

19. Skryf die volgende sinne oor en vul die korrekte leestekens in.

19.1 hy stuur nie ŉ e pos vir sy vriende nie.

______________________________________________

______________________________________________ (3)

19.2 Is leeujag verbode in Kenia

______________________________________________ (1)

Kopiereg voorbehou 

20. Onderstreep die korrekte voorsetsel.

20.1 Seeskilpaaie is (op / in) voorblad van *National Geographic Kids.* (1)

20.2 Ek gaan (na / vir) *Shrek Forever After* kyk. (1)

Skryf die ANTONIEM (woord met teenoorgestelde betekenis) vir die onderstreepte woorde neer.

21.1 *Shrek Forever After* is ŉ **nuwe** fliek.

_______________________________________________ (1)

21.2 **Buite** ŉ hut sit ŉ Masai-kryger.

_______________________________________________ (1)

22. Skryf die sinoniem (woord met dieselfde betekenis) van die onderstreepte woord neer.

Emiley het ŉ rol in *Spy Kids* **vertolk.**

_______________________________________________ (1)

23. Onderstreep die korrekte woord tussen hakies om die sinne te voltooi.

23.1 *National Geographic Kids* is die (beste / ŉ goed) tydskrif. (1)

23.2 Seeskilpaaie se pote is (langer / langste) as gewone skilpaaie. (1)

24. Skryf EEN sin neer om die ander betekenis van die woord **"van"** te verduidelik.

Voorbeeldsin: Die Masai hou **van** verandering.

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

25. Onderstreep die korrekte woord (e) tussen hakies om die sinne te voltooi.

25.1 Almal (wil / wil nie) *Shrek Forever* sien nie. (1)

25.2 Dit (was / was nie) lekker om te sien hoe die leeus doodgemaak word nie. (1)

26. Onderstreep die korrekte woord tussen hakies.

26.1 Die National Geographic Society gee geld vir die (fonds / vonds). (1)

27. Kies die korrekte voornaamwoorde om die volgende sinne te voltooi.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hulle s'n; | hare; | syne; | myne; | ons s'n |

27.1 Die Kids-tydskrif behoort aan haar, dit is ______________________ (1)

27.2 Die rekenaar behoort aan Anthony, dit is ______________________ (1)

27.3 Die skootrekenaars behoort aan hulle, dit is ____________________ (1)

28. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.

28.1 Hulle (maak / gemaak) 'n fliek waarin Emiley speel. (1)

28.2 Môre (sou / sal) ons daarna kyk. (1)

29. Verander die woord **"stuur"** deur 'n voorvoegsel by te voeg.

Kies die voorvoegsel uit die onderstaande lys.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ver- | be- | ont- | ge- |

Die Masai-krygers kan nie 'n motor ________________ stuur nie. (1)

30. Gee die korrekte **intensiewe vorm** van die volgende woorde.
Voorbeeld: Baie groen is grasgroen.

30.1 'n Masai-kryger kan sien hoe ____________ oud die spore is. (1)

30.2 *Shrek Forever After* is 'n _____________ nuwe fliek. (1)

31. Gee 'n voorbeeld van 'n stelsin in paragraaf 3 van "Die Masai" storie. (1)

**TOTAAL AFDELING B (30 ÷ 2): 15**
**GROOTTOTAAL: 40**